

DIE HERE JESUS EN GEBED

“Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee. Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.” Hebreërs 4:12-16



Ons gaan in hierdie studie kyk na wat dit beteken om deur die Here Jesus te bid.

Alhoewel gebed universeel is oor tyd en ruimte heen, is kinders van die Here se gebed heeltemal uniek. Die grootste verskil tussen die gebede van kinders van die Here en die gebede van ander gelowe is dat ons tot God kan noem “Pappa”. Net kinders van die Here kan voor God kom en sê: “Pappa, Abba Vader, my Vader wat in die hemel is”. Niemand anders in die hele wêreld het toestemming om dit te mag doen nie. Niemand anders in die hele wêreld is in die posisie om dit te kan doen nie. Toe die Here Jesus Sy dissipels leer hoe om te bid, sê Hy vir hulle: “Wanneer julle bid, sê ‘Pappa’” (Abba, Vader). Daar is ‘n geweldige groot verskil tussen om bloot met die Here te praat (en eintlik niks te sê nie) en om te bid soos die Here Jesus vir ons hier leer.

Die groot verskil tussen godsdiens en Christenskap is die Here Jesus. Geen ander godsdiensvorm het die Here Jesus nie. Doodgewone, algemene gebed is dus gebed sonder die Here Jesus. In ons gebede as kinders van die Here staan die Here Jesus sentraal:

- Elke kind van God het die **lering van die Here Jesus oor gebed**. Daar is geen beter lering beskikbaar nie.
- Elke kind van God het die **voorbeeld van die Here Jesus se gebedslewe**. Daar is geen beter voorbeeld om na te volg nie.
- Elke kind van God het die **bloed van die Here Jesus** in sy gebed. Daar is niks kragtiger in die ganse heelal nie.

- Elke kind van God het die **voorbidding van die Here Jesus**. Soos ons besig is om te bid, bid die Here Jesus ook vir ons, want Hy maak konstant voorbidding vir al die gelowiges.
- Laastens het elke kind van God die **Naam van die Here Jesus** wat hy kan gebruik in sy gebede.

Kan ons vra vir meer? Dit plaas ons gebede in 'n heeltemal ander liga as ander gelowe s'n. Dit is ook wat die doop van gelowiges laat uittoon bo elke mense ritueel, want dit is 'n doop in die Naam van die Here Jesus.



1. Die lering van die Here Jesus oor gebed

Daar word verwag van elke geestelike leier om sy volgelinge te leer hoe om te bid. Elke geestelike leier wat ooit geleef het, het dan probeer om dit te doen na die beste van sy of haar vermoë, insluitende Budha, Mohammed en Johannes die doper. Een dag kom die

dissipels na die Here Jesus toe en vra: “Waarom is ons al vir maande saam met U, maar het U ons nog nie geleer hoe om te bid nie? Johannes leer sy dissipels. Dit is iets waarmee ons sukkel. Wanneer gaan U ons leer om te bid?” En die Here Jesus antwoord hulle: “Ek sal julle graag leer.” Dit is asog Hy eers gewag het totdat hulle Hom vra, voordat Hy hulle wou leer bid. Dalk wag die Here ook vir jou om Hom te vra om jou te leer bid? En die oomblik wanneer jy vra, leer Hy jou graag, want Hy wag eers vir Sy leerling om leerbaar te word. Die oomblik toe Sy dissipels Hom vra, leer Hy hulle.

Sy lering aan hulle was verspreid. Hy het nie alles mooi saamgestel in 'n boek nie. Hy het ook nie 'n lang preek gegee oor gebed nie. Hy het beslis ook nie 'n reeks oor gebed op Sondag aande aangebied nie. Wat Hy wel gedoen het was om, van daardie dag vorentoe, elke nou en dan vir hulle 'n “sleutel tot gebed” te gee, soos wat hulle saam tyd spandeer het. Miskien is dit da nook dalk die heel beste manier hoe om iemand te leer. Kom ons kyk saam na alles wat die Here Jesus vir hulle geleer het oor **hoe** om te bid en **wat** om voor te bid oor die verloop van die maande wat hulle saam was.

1.1 Die Here Jesus het hulle geleer HOE om te bid

Die Here Jesus het hulle geleer om te bid met opregtheid

Dit is seker een van die heel moeilikste dinge in ons gebedslewe, nl. om te bid soos wat ons werklik in ons hart voel om te bid. Dit is veral moeilik tydens gesamentlike gebedsbyeenkomste. Die heel eerste toets is egter dit wat ons vir die Here sê wanneer ons

heeltemal alleen is. Ons is skynheilig wanneer ons alleenlik bid wanneer ons saam met ander gelowiges is en ons dan probeer om die regte goed te sê. Hy leer hulle egter die bealngrikheid daarvan om reg te bid wanneer jy alleen is. Hoe praat jy dan met Hom daar waar niemand anders kan hoor nie.

Die Here Jesus het hulle geleer om eenvoudig te bid

Hy het gesê: “Moenie baie woorde gebruik nie”. Een van die grootste probleme met gebedsbyeenkoms is nie die mense wat sukkel om te bid nie, maar eerder die mense wat wel weet hoe om te bid en wat bid sonder ophou! Eenkeer was daar ‘n gebedsbyeenkoms in ‘n saal waar daar ‘n gasbottel gekoppel staan in die hoek. ‘n Man staan toe op en begin bid, maar besef toe nie dat hy per ongeluk op die gasbottel se pyp staan nie. Soos wat hy bid begin almal in die vertrek die gas ruik, maar hierdie man hou bloot net aan met bid. Toe hy uiteindelik “Amen” sê storm almal uit by die deur! Die Here Jesus sê: “Moenie dink dat jou gebede verhoor gaan word omdat jy baie woorde gebruik nie. Dit is wat die heidene doen en julle moenie soos hulle wees nie”. Toe leer Hy hulle ‘n gebed wat net een minuut lank is. Hy het hulle geleer dat eenvoud ‘n sleutel tot gebed is, net soos wat opregtheid ook ‘n sleutel is. ‘n Eenvoudige gebed hoef nie gedramatiseer te word of versier te word met lang sinne en mooi idiomatiese uitdrukkings nie! Kan jy jou voorstel hoe ‘n klein seuntjie sy vinger raakslaan met ‘n hammer en dan met ‘n vroom gesiggie sê: “Vader, haas U tog na my vir hulp.” Kan jy jou dit voorstel? Ons moet met ons hemelse Pa praat soos wat ons praat met ons aardse pa, met opregtheid en in eenvoud.

Die Here Jesus het hulle geleer om te bid met nederigheid

Die Here Jesus vertel die verhaal van twee manne wat gaan bid het. Die een man het ‘n wonderlike tyd gehad in gebed. Hy was vol van homself - die groot “ek”. Hy staan toe daar en sê: “Dankie Here dat ek nie is soos ander mense nie. Ek vas twee keer ‘n week. Ek gee tiendes van alles wat ek besit.” Hy het homself geniet so in sy gebed. Sy gebede het egter nie verder getrek as van sy kop tot sy hart nie. Tog was dit vir hom wonderlik!

Agter in die vertrek was daar egter nog ‘n man gewees. Hierdie man was heeltemal gebroke. Hy het op sy bors geslaan en gesê: “Here, wees my sondaar genadig!” Die Here Jesus sê dit was die tweede man se gebede wat deurbreek het na die hemel toe, nie die eerste man nie.



Die Here Jesus het hulle geleer om te bid met volharding

Hou vas. Moenie moed opgee nie. Dit impliseer nie 'n lang gebed nie, maar dit impliseer wel gereelde gebed. Hou aan om te vra totdat jou gebede beantwoord word.

Die Here Jesus het hulle geleer om te bid met liefde



Hoe kan jy van die Here vra om Sy liefde aan jou te bewys as jy nie bereid is om Sy liefde aan ander te bewys nie? Hoe kan Hy jou vergewe as jy nie ander kan vergewe nie? Dit verbreek eenvoudig ons verbinding en intimiteit met die Here. Slegs namate jy jou hand uitgestrek hou na ander toe, kan jy die invloed van die Here se liefde en krag na jou eie lewe toe ervaar.

Die Here Jesus het hulle geleer om te bid met eensgesindheid

Wanneer twee of drie op aarde oor iets saamstem, luister die Here en sal Hy dit vir hulle gee. Dit is nie 'ongeloof' om vir ander te vra om saam met jou te bid oor 'n spesifieke saak nie.

1.2 Die Here Jesus het hulle geleer WAT om te bid

Die Here Jesus het Sy dissipels geleer om vir ander te bid. Dit is interessant dat Hy vier groepe mense uitsonder vir wie ons moet bid. Dit is ook ironies dat hierdie die mense is vir wie ons gewoonlik nooit bid nie!

- Die eerste groep mense is diegene wat **siek** is. Die Here wil graag ons gebede gebruik om hulle te help om gesond te word. Gewoonlik onthou ons darem om vir hulle te bid.
- Die tweede groep mense is diegene wat **duiwel besete** is. Hierdie is mense wat vasgevang is in die greep van satan.
- Derdens het die Here Jesus Sy dissipels geleer om te bid vir **sendelinge** en **arbeiders** op die **sendingveld**.
- Vierdens het Hy hulle geleer om te bid vir hulle **vyande**. Hoe gereeld bid jy vir jou vyande? Die Here Jesus wil graag hê dat jy vir hulle moet bid. Hy het self aan die kruis vir ons die voorbeeld gestel toe Hy gebid het: "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Stefanus was die eerste persoon in die Bybel wat ook hierdie gebed gebid het vir sy vyande terwyl hulle besig is om hom te stenig.

Verder het die Here Jesus ook geleer dat ons moet bid vir onself. Elkeen van ons het ook ons eie behoeftes. Jy mag bid vir jou eie alledaagse benodighede soos kos en klere. Jy behoort ook

te bid vir vergifnis – dit is ook een van ons daaglikse behoeftes. Jy behoort ook verder te bid vir leiding. Wanneer jy versoekings ervaar moet jy ook bid. Jy moet vra vir die Heilige Gees se krag. Hierdie is alles dinge wat jy behoort te doen. Al het die Here nooit direk geleer dat ons moet bid vir ons eie veiligheid en familie nie, is daar geen rede waarom ons dit nie kan doen nie. Die Here Jesus het ook Sy dissipels geleer om in gebed dinge te vra wat die Here graag wil hê. Hy wil graag hê dat Sy Naam geëer moet word. Hy wil hê dat Sy Koninkryk moet kom. Ons moet daarvoor bid.

As ons vir onself 'n lysie maak van al die dinge wat die Here Jesus vir ons vra om vir ander te bid, vir onself te bid en vir Hom te bid, gaan ons reeds sit met 'n lang lys. Dalk moet jy jou Bybel neem en elke keer wanneer die Here Jesus iets oor gebed leer in die Nuwe Testament, moet jy dit met 'n spesifieke kleur merk. Die lering van die Here Jesus is tog die heel eerste ding tot ons beskikking as kinders van die Here.

2. Die voorbeeld van die Here Jesus se gebedslewe

Die Here Jesus het altyd dit wat Hy vir ander geleer het, self geleef. Dalk is dit nie heeltemal korrek om te praat van die “voorbeeld” wat die Here Jesus gestel het in Sy gebedslewe nie, want dit was nie Sy primêre motief hoekom Hy gebid het nie. Hy het nie gebid bloot sodat dit vir ons as voorbeeld kan dien nie.

Hy het dalk eerder gebid omdat Hy die behoefte daartoe so sterk ervaar het. Tog is Hy 'n wonderlike voorbeeld en inspirasie vir ons wanneer dit kom by gebed. Die Bybel leer ons dat Hy die gewoonte gehad het om op elke Sabbat na die sinagoge te gaan, maar daar staan niks oor 'n vaste patroon of sisteem waarvolgens Hy gebid het nie.



2.1. Wanneer het Hy gebid?

✚ Die Here Jesus het gebid wanneer Hy **innerlike konflik** ervaar het en wanneer Hy 'n **groot besluit** moes neem. Voordat Hy die twaalf dissipels gekies het, het Hy die hele nag in gebed daarvoor deurgebring. Hy het ook gebid tydens elke krisis en ook tydens elke betekenisvolle geleentheid van Sy lewe soos Sy doop, die verheerliking op die berg en voor Sy dood.

✚ Verder het die Here Jesus ook altyd gebid wanneer Hy **emosioneel** was, hetsy of dit nou vreugde, hartseer of woede was. Elke keer as Sy hart oorgeloop het van emosie, het Hy gebid. Hierdie is vir elkeen van ons 'n goeie riglyn vir gebed: wanneer jy sterk emosie ervaar in jou binneste, vra die Here om jou te help om dit reg te kanaliseer. Kan jy die keer onthou toe die dissipels kom terug rapporteer het en vertel het hoe die duiwels hulle onderwerp het aan die dissipels se gesag? Die Here Jesus het toe, met 'n hart vol vreugde en opgewondenheid na Sy

Vader gedraai en gebid: “Vader, dankie dat U dit weggesteek het van die wyses en dat U dit openbaar het aan diegene met ‘n kinderlike geloof.” Sy hart was so vol blydschap dat Hy net eenvouding moes bid. Hy leer ons dus hoe om in gebed ons emosies te beheer en om daardie emosies net so aan Sy Vader oor te gee in gebed. Hierdie is ‘n les wat elkeen van ons behoort na te volg, of ons nou onself op die bergspitse van ekstase bevind of onder in die dal van wanhoop.

✚ Verder het die Here Jesus veral gebid wanneer Hy **baie besig** was. Wanneer daar baie sake was waaraan Hy moes aandag gee, het Hy eers ‘n oomblik afgestaan om te bid.

✚ Hy het ook amper elke keer gebid **voordat Hy ‘n groot wonderwerk gedoen het**, wanneer daar ‘n groot behoefte was waarmee Hy moes deel, wanneer Hy hemelse voorsiening benodig het. Hy het dan eers gebid voordat Hy aandag gegee het aan die situasie.

Hierdie is nie regtig ‘n patroon van wanneer om te bid nie. Dit is eerder ware gebed en emosies vir egte situasies en egte behoeftes. Dit is veel eerder ‘n lewenswyse wat ons duidelik kan sien uit die lewe van die Here Jesus. Somtyds het Hy vroeg in die oggend gebid, soms laat in die aand en soms die hele nag lank. Sy gebede het egter altyd verband gehou met regte gebeure in Sy lewe.

2.2. Waar het Hy gebid?

Ons sien dat Hy, wanneer dit vir Hom enigsins moontlik was, probeer het om alleen te wees wanneer Hy bid. Aangesien Hy nie ‘n huis van Sy eie gehad het nie, het Hy dikwels buite in die natuur gaan bid. Heb.5:7 sê dat die Here Jesus, terwyl Hy op aarde was, gebid het tot Sy Vader met ‘n harde uitroep en trane, en dat Sy gebede verhoor was vanweë Sy heilige ontsag vir God.

2.3. Waarom het Hy gebid?

Die Here Jesus se gebede het gewoonlik gegaan oor ander mense. Hy het ter wille van ander mense gebid sodat hulle kon glo, sodat hulle behoeftes ontmoet kon word en sodat Sy Vader verheerlik kon word. Tog het Hy ook vir Homself gebid en vir Sy eie behoeftes. As die Here Jesus vir Homself gebid het, hoekom kan ons nie ook vir onself bid nie?

In Johannes 17 is ‘n gebed van die Here Jesus opgeteken wat sekerlik een van die betekenisvolste gebede in die hele Bybel is. Dit is ook een van die min volledige gebede van die Here Jesus wat in die Bybel opgeteken is. In hierdie gebed is die Here Jesus net gestel oor twee dinge: dat Sy Vader verheerlik sal word en dat Sy volgelinge geestelik sal groei. Hierdie is twee kosbare dinge wat ons ook voor behoort te vra wanneer ons bid.



3. Die bloed van die Here Jesus

Ons het die bloed van die Here Jesus so nodig. Ons kan dit verduidelik aan die hand van die volgende illustrasie: Veronderstel jy is in jou motorhuis besig om aan jou motor se enjin te werk en jou hande is vuil en vol olie. Skielik kom jy agter jy het 'n sekere onderdeel nodig, so wat doen jy? Jy gaan klop aan die agterdeur en vra vir jou vrou: "Jy gaan nie miskien winkel toe nie?" "Hoekom vra jy?" "Wel, ek kan nie sò gaan nie en dit gaan my té lank vat om my hande skoon genoeg te kry om self te

kan ry. Ek is net nie skoon genoeg om self te gaan nie." Dit is dalk hoe baie van ons onself sien. Jy voel nie skoon genoeg na die Vader toe te gaan en vir iets te vra wat jy nodig het nie. Jy voel té vuil. Hoe kan jy ooit in die Here se teenwoordigheid kom en bid? Ps.24:3-4 sê mos: *"Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in sy heiligdom gaan kan ek daarby kom? Daar is vir hierdie problem slegs een oplossing. 1 Joh.1:7 leer ons: "Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde."* Iemand het na hierdie versie verwys as die Christen se seep. Wanneer ons dus na die Here toe wil kom in gebed, hoekom kom was ons nie weer opnuut ons hande en harte met die bloed van die Here Jesus nie?

Een afgetrede weermag offisier het die gewoonte gehad om elke keer eers sy hande te gaan was voordat hy uit die Bybel lees. Hy het die begeerte gehad om skoon te wees voor die Here wanneer hy na Hom toe kom. Daar is iets baie kosbaars hierin opgesluit. Ek en jy het die bloed van die Here Jesus. Daarom kan ons reguit na die Vader toe gaan en voor Hom gaan staan sonder om bang of skaam te wees. Selfs al is jy ook vuil, kan jy net daar die bloed van die Here Jesus vir jouself neem en onmiddelik skoon word. 1 Joh.1:9 sê: *"As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."* Dit is die bloed van die Here Jesus wat ons reinig. Ek en jy kan dus skoon word.

Daar is egter nie al nie. Wanneer ek en jy bid, bevind ons onself in die realm waar satan is. Wat baie mense nie verstaan nie is dat satan nie hom bevind in die onderste donkertes van die hel nie, maar in die boonste lugruim van die hemele. Ef.6:12 leer ons: *"Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug."* Die oomblik wat ons onself bevind in die hemelse realm, raak ons bewus van die vyand se magte en kragte. Ons bevind onself in 'n geestelike oorlog. Wanneer ons bid bevind ons onself in die voorste linies van hierdie geestelike stryd. Dit is hier waar ons die bloed van die Here Jesus baie nodig het. Ons kragtigste wapen teen die bose magte is die bloed van die Here Jesus. Ons het dus die **bloed van die Here Jesus** om

ons **skoon te was** en ons het ook die bloed van die Here Jesus om ons te **beskerm** teen die bose magte wanneer ons bid. Dit is iets wat geen ander vorm van godsdiens vir jou kan bied nie, want hulle het nie die bloed van die Here Jesus nie.

4. Die voorbidding van die Here Jesus

Op Hemelvaartdag word ons herinner aan die merkwaardigste gebeurtenis ooit. Op daardie wonderlike dag het die Here Jesus in die lug opgevaar na die hoogste hemel toe waar Hy gaan sit het op die troon om vir ewig te regeer. Wat doen Hy nog alles daar, behalwe om alles te beheer wat gebeur, behalwe om al die regerings in die palm van Sy hand te hou, behalwe om alle outoriteit in die hemel en op die aarde te hê? Hy is besig om vir jou en vir my te bid. Al is niemand anders besig om vir jou te bid nie, bid die Here Jesus steeds vir jou. Is dit nie wonderlik nie? Elke keer wanneer jy bid, span jy dus kragte saam met die Here Jesus, want Hy bid aanhoudend en tree vir jou in. Hy het dit ook gedoen terwyl Hy op die aarde was. Hy sê vir Simon in Lukas 22:32 dat Hy vir hom gebid het dat satan hom nie sal beroof van sy geloof nie. Dink jy Hy het opgehou om vir Simon te bid nadat Hy opgevaar het na die hemel toe? Natuurlik nie. Hy het aangehou om vir hom te bid. Omdat die Here Jesus nooit ophou om vir ons voorbidding te doen nie, hoef ons nooit eensaam en verlate te voel nie. As jy 'n kind van die Here is kan jy vandag weet dat die Here jou nie vergeet het nie en dat Hy besig is om vir jou te bid.



Daar is twee belangrike dinge hier wat ons nie uit die oog moet verloor nie. Die eerste hiervan is die Here se simpatie. Die Here Jesus bid met geweldige simpatie. Hoekom? Die Rooms Katolieke gelowiges bid tot moeder Maria omdat sy 'n mens was en hulle glo dat sy hulle verstaan. Hulle vergeet egter dat die Here Jesus ook 'n mens was en steeds is. Daarom is daar niemand wat ons beter verstaan as Hy nie. Wanneer gelowiges vergeet dat die Here Jesus 'n mens is en slegs aan Hom dink in Sy Goddelike natuur, soek hulle na iemand anders in die hemel wat kan verstaan hoe hulle voel wanneer hulle bid. Ons hoef egter nie te bid tot of deur Moeder Maria nie; ons kan bid tot die Here Jesus, want Hy verstaan ons beter as enigiemand anders. Hy het geweldige simpatie met ons. Ons het niemand anders in die hemel nodig as die Here Jesus nie; Hy is ons Hoëpriester en Hy ken ons swakhede en omstandighede. Hy het dit self ook ervaar terwyl Hy op aarde was. Die ergste ding wat ek en jy al op aarde moes deurmaak, het Hy ook deurgemaak. Watter voorreg het ons nie om so 'n simpatieke en ondersteunende Hoëpriester te kan hê nie! Hy is aan ons kant, maar Hy is ook aan God se kant. Daar is slegs een Middelaar tussen God en die mens; dit is die Here Jesus Christus. Op die troon van die heelal sit daar ook slegs een Persoon, die Here Jesus Christus wat vir my en jou voorbidding doen. Bykans elke skrywer in die Nuwe Testament maak melding hiervan.

Heb.7:25 “Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.”

Rom.8:34 “Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.”

1 Joh.2:1 “Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader.”



5. Die Naam van die Here Jesus

Op een baie spesifieke aand in die geskiedenis het gebed vir ewig en altyd verander. Die aand voor Sy kruisiging het die Here Jesus vyf keer iets gesê wat gebed vir elke gelowige kom verander het. Nooit tevore het Hy dit nog ooit gesê nie.

Joh.14:13 “Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.”

Joh.15:7 “As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.”

Joh.15:16 “Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra.”

Joh.16:23 “Dit verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee.”

Joh.16:24 “Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.”

Hy het hulle vantevore geleer om te bid, maar nog nooit het Hy hulle *dit* geleer nie. Die aand voordat Hy sou sterf het Hy hulle kom leer dat daar iets nuuts in hulle gebedslewe gaan gebeur. Van nou af moes hulle Sy Naam gebruik wanneer hulle bid. Wat het Hy hiermee bedoel? Het Hy vir hulle elkeen ‘n pakkie vol plakkers met die naam “Jesus” op gegee wat hulle kon plak op elke gebed wanneer hulle klaar gebid het sodat dit onmiddelik kon deurgaan na die Vader toe? Natuurlik nie!

Daar is vandag twee baie algemene maniere om iemand se naam te gebruik. Verbeel jou dat iemand voor jou staan met 'n tjekboek in hulle hande. As hulle 'n tjek vir jou sou uitskryf sal die bank dit goedkeur, want daar is oorgenoeg fondse in hulle rekening. Tog is elkeen van daardie tjeks waardeloos alvorens daar 'n handtekening op geplaas word. As iemand 'n tjek teken, maar sy rekening is oortrokke en Hy het geen fondse meer tot sy beskikking nie, beteken sy handtekening op daardie tjek absoluut niks nie. Dit gaan dus alles oor die krediet agter die persoon se naam.

Kom ons maak dit van toepassing op die hemelse bank. Daar is niemand wat goeie krediet het in die bank van die hemel, behalwe die Here Jesus nie. Almal wat reeds dood is of wat tans lewe of wat nog gebore gaan word, is in die rooi by hierdie bank. Elkeen van ons is in die skuld by die Vader. Maar daar is iemand wie se krediet wel goed is by Hom en dit is die Here Jesus. Alles wat bestaan behoort mos aan Hom! Sy krediet is goed. *“As julle iets vra in My Naam”*, m.a.w. met My handtekening daarop, sal die tjek deurgaen. *“My krediet is goed in die bank van die hemel. Die bank van die hemel is waar al die skatte in opgesluit lê en as julle My Naam gebruik, sal julle kry waarvoor julle vra.”* Hierdie is 'n wonderbaarlike belofte! Beteken dit dat die Here Jesus nou vir my 'n boekie vol skoon tjeks gegee het met Sy handtekening op elkeen wat ek nou kan gebruik net soos ek lus voel? Nee. Die Here Jesus het wel vir ons skoon tjeks gegee, maar ons moet steeds in gebed voor Hom kom en Hom vra om elkeen daarvan te teken. Dit is wat dit beteken om iets te vra *“in Sy Naam”*.

Daar is sekere tjeks wat die Here Jesus bloot eenvoudig nooit sal teken nie. Jacobus en Johannes was vissermanne gewees. Hulle het elkeen 'n skoon tjek gehad wat hulle graag wou hê dat die Here Jesus vir hulle moes teken. Hulle het Hom gevra dat, wanneer die Koninkryk van die Here kom, hulle graag die twee sitplekke die naaste aan die troon wil hê, net links en regs van die Here Jesus. Die Here Jesus het egter geweier om te voldoen aan hulle versoek. Hy het nie hulle tjeks onderteken nie. Daarom het hierdie versoek van hulle ook nie deurgegaan na die Vader toe nie. Om in die Naam van die Here Jesus te bid beteken dus om te stop en te vra: *“Here Jesus, sal U asb hierdie tjek van my onderteken? Sal U hierdie versoek van my volbring? Net U Naam alleen kan dit laat deurgaen.”*

Hierdie is beide die voorreg en die uitdaging van gebed vir ons as gelowiges in die Here Jesus. As jy Sy Naam op jou versoek kan kry, kan jy kry wat jy wil hê. Daar is soveel versoeke wat Hy graag aan wil voldoen as ons dit bloot net na Hom toe sal neem. Dan is daar weer ander gebede waarvoor Hy sal sê: *“Ek kan eenvoudig net nie hierdie tjek teken nie.”* Op een spesifieke tydstip was Hy in die versoeking om 'n versoek voor Sy Vader te bring in gebed, maar toe besef Hy dat dit nie 'n versoek is waarop Hy Sy Naam kan aanbring nie. Hy het gebid:

“Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan.” Toe bid Hy verder: “...noggans nie My wil nie, maar laat U wil geskied.” Op daardie gebed het Hy Sy Naam geteken en God het dit verhoor en Sy wil deur die Here Jesus volbring.

Die Vader kan dus nie ‘n versoek weier wanneer die Naam van die Here Jesus daarop verskyn nie. Daarom bid ons deur die Here Jesus tot die Vader. Onthou, die Here Jesus is self ook God. Terwyl Hy op aarde was het mense Hom aanbid en Hy het daardie aanbidding ontvang. Wanneer ons dus deur Hom bid, kan ons Sy nabyheid ervaar in ons lewe. Wanneer ek dus deur die Here Jesus bid, bid ek nie slegs deur ‘n simpatieke man nie, maar bid ek deur die Seun van God reguit na die God van die heelal toe. Ons gebede as gelowiges is dus deur die Here Jesus na die Vader toe en die Here Jesus staan sentraal in elke gebed.